Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Pen van die Hoof

Geagte Ouers

Om ‘n Opvoedkundige instansie van ons orde grootte suksesvol te bestuur moet die tendense van die gemeenskap gereeld ontleed word ten einde veranderinge in gedragspatrone waar te neem. My geykte sêding dat ‘n skool die siel van ‘n gemeenskap is het absoluut betrekking op my woorde wat volg en daarom voel ek dit my plig om met u as ouers oor die onderstaande saak te praat.

Ouers stuur nie net hulle kinders skool toe om skolastiese opleiding en onderrig te ontvang nie, maar juis om die siel van die gemeenskap te beleef wat deel van ‘n skool se etiese waardes is.

Ons is trots op die feit dat ons die afgelope jare geen dissiplinêre verhore met leerders gehad het nie. Ons skryf dit toe aan verskeie faktore, onder andere dat leerders en ouers aanboord is en die etiese waardes van die skool daarmee saam uitdra. Ek sien egter onweerswolke op die horison in die vorm van gedrags-verandering van ons leerders.

Die afgelope tyd het ek verskeie klagtes ontvang van leerders se gedrag met ‘n seksuele ondertoon. Na ondersoeke en ondervragings, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat leerders die gedrag op TV sien en meerendeels op kanale soos “Netflix” en “Showmax”. Hiermee sê ek glad nie dat die kanale ‘n sonde is nie, my grootste bekommernis is dat daar geen Ouerleiding (Parental guidance) op hierdie kanale toegepas kan word nie. Kinders het toegang om enige program te kyk waarin hulle belangstel en dus lei een ding tot ‘n ander.

Kinders wat blootgestel word aan volwasse informasie wil die inligting gewoonlik met iemand deel en dis gewoonlik ‘n maatjie of ‘n personeellid. Die Grondslagfase leerders se dagprogram begin soggens waar leerders geleentheid kry om vir die klasmaats nuus te vertel. Hierdie is ‘n belangrike vaardigheid wat leerders van jongs af moet doen om hul luister en vertelling vaardighede te ontwikkel. Huidiglik ervaar ons dat die nuus en inligting wat ons leerders oordra gesensorde inligting bevat wat hoogs kommerwekkend is. Behalwe bogenoemde sluit dit ook swak taalgebruik (vloektaal) en disrespekvolle en ongemanierde gedrag teenoor die ander geslag in.

Ouers, bogenoemde gedrag en optrede laat kinders in groot moeilikheid beland. Ons wil dit vermy, maar sal ook nie huiwer om op te tree nie. Ek voel egter dat ons die bogenoemde probleem gesamentlik as ‘n gemeenskap moet aanspreek. Om proaktief op te tree sal ure se hartseer en pyn vir kinders (wie nie altyd skuldig is nie, maar bloot net hul ervarings deel) verhoed.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Ek versoek u as ouers om asb seker te maak van die volgende t.o.v. digitale en sosiale media:

- Kinders moet ouderdoms gepaste programme op TV kyk.
- Plaas asb ‘n ouderdoms beperking op u TV programme.
- Sorg dat u as ouer genoegsame beheer het oor u kind se toegang tot die internet.
- Maak seker dat u weet wat op u kind se selfoon gebeur deur sagteware daarop te laai wat u in staat stel om u kind se internet besoeke te beheer.
- Selfone is ‘n noodsaaklike euwel vir ‘n opvoedkundige instansie, dus laat ons geen selfone tydens skoolure toe nie.

Kinders is die volwassenes van die toekoms en moet ons as ouers en onderwysers toesien dat hulle dit sonder vlekke en merke bereik, om as ideale volwassenes ‘n verskil te maak.

Dankie dat ek op u samewerking kan staat maak in die verband.

Vriendelike Lardie-groete

TOY HUMAN
SKOOLHOOF